

❖ DI EERSTE ❖

AFRIKAANSE TAALKONGRES,

GEHOU AN

20

DI PAARL,

❖ 15 EN 16 JANNEWARI 1896. ❖



PAARL :

D. F. DU TOIT & Co., BEPERK, DRUKKERS EN UITGEWERS.

—
1896.

A
439.36

AFR

* DI TAALKONGRES. *

WOENSDAG 15 JANNEWARI.

EERSTE DAG.

'n Ander mylpaal in di geskiedenis van di Afrikaanse Taalbeweging word van dag bereik met di opening van di Afrikaanse Taalkongres, waartoe besluit is op di 20ste Jaarfees van di Genootskap van Regte Afrikaners, op 14 Augustus 1895. Ebenhaëser! Tot hiertoe het di Heere gehelp! Dit moet di woorde van dankbare erkentelikheid wees, op di lippe van elke ware Afrikaner, wat di taal van syn moeder lief het. Di dag is oek 'n heugelike as di 20ste verjaardag van "Di Afrikaanse Patriot."

Om nou tot di verrigtings te kom. Di plaas van bijeenkomst was di Stadshuis, 'n ruim vertrek, wat goed gevuld was van Afrikaners met warme harte uit al di dele van ons land, sowel as andere belangstellende. Di opkoms sou nog groter gewees hê, mar deur di beroerings in di Noorde is baing burgers van Vrystaat en Transvaal, wat hulle voorneme te kane gegê het om te kom, verhinder geworde. Daar was skikings gemaak dat algar wat instem met di grondbeginsel in di stelling "ons skryf soos ons praat" an di regter kant van di stoel sou plaas neem.

PRESENTI LYS.

Daar was omtrent 'n 100 verteenwoordigers uit alle dele van ons land. Dit was ver di rapporteur onmoelik om al di name te kry; mar sover as hy dit kon kry is di vollende 'n lys:

Strydenburg: W J Badenhorst, P J Pretorius, Z B Loots, B J Badenhorst, H v d Merwe, P J Badenhorst, Nic. Badenhorst, H A J Badenhorst, C J Liebenberg, J U Badenhorst, M J J van Rensburg, C Badenhorst, P C Badenhorst, J H J van Vuren, H J Badenhorst, C J Oberholster, P J Liebenberg, G J H Zwiegers, B J Badenhorst.

Burgersdorp: Professors J Lion Cachet, en S Postma, Studente J A du Plessis, en W Postma.

Kimberley: J Scholtz, C Scholtz, P E Scholtz, Willem Scholtz, M H Steyn.

Kroonstad: J J Cilliers, B J Wessels.

Prieska: D J van Niekerk.

Porterville: H J Rossouw, J P Rossouw.

Paarl: Ds. S J du Toit, Dr. Hofman, D F du Toit, E J du Toit, D J du Plessis, E S v d Spuy, M H J Uys.

Boshof: A J de Villiers.

Daljosaphat: Ds. F S du Toit, D P du Toit, P Malherbe, D J du Plessis, J G Perold, G G Rossouw.

Groot Drakenstein: C W H Köhler.

Klein Drakenstein: F J Joubert.

Wellington: D B Hauptfleisch.

Stellenbosch: C Bosman en J J P du Plessis. (Later Dr. Weeber, en Dr. Viljoen).

Griekwastad: J J Scholtz en C J L Koen.

Beaconsfield: J J Scholtz.

Hay: M A Scholtz, J P S Koen.

Olantouw: W du Plessis en H A Louw.

Vrede, O.V.S.: P de Jager, J C Human.

Venterstad: D Gildenhuis, W Snyman.

Malmesbury: W D Malherbe, P J Cilliers.

Carnarvon: L P Steenkamp.

Caledon: G S Malan.

Peddi: Mnr. Naude.

Bloemfontein: A. Franken.

Kaapstad: Prof. Logeman.

Middelburg: Ds. M Postma.

Victoria West: H. J. H. Claassens, (Later Dr. Marais.)

Aberdeen: W J Joubert en Joubert.

Fryburg: P Theron en J Kotzé.

Wakkerstroom: J J Gräbe.

Harrismith: Badenhorst en W Odendaal.

Peddie: J J Naude.

Prof. Cachet open met 'n kragtige gebed. Ds du Toit heet al di vrinde hartelik welkom en sê di taal is een van di bande wat ons verbind. Verheug sig dat daar verteenwoordigers is uit alle dele van ons land en selfs uit Vrystaat en Transvaal. Deur omstandighede in di Noorde is baing verhinder te kom. Dis gen kleinigheid dat so baing gekom het onder di gedrukte toestand van ons land. Hiir is ni vandag alleen boere ni, mar oek taalgeleerde. Ni di taalgeleerde, mar di volk maak di taal; daarom heet hy di armste burger welkom. Luther is na di mark gegaan om di taal te kry ver syn bybelvertaling.

Spreeker e s aankondigings van verskeie persone wat ni kon teenwoordig wees ni. Spreeker sou gen geskiedkundige oversig gé. Alles is in daglig gedoen en elkeen weet wat gedaan is. Slegs wil hy 'n geskiedkundig gedenkstuk voorlê, nl., di eerste nommer van di *Patriot*. Al sou hy ni di geskiedenis nagaan dan ken hy ni nalaat om manne te noem wat di eerste stap gedoen het ver di Afrikaanse taal, nl Mnr. Pannevis en Ds. van der Lingen. Hu'le het spreker syn oor geopen. Dr Brill, 'n taalgeleerde ver wi hy syn hoed sou afhaal, was oek een van di eerste ver Afrikaans. As hy in di land was, dan sou hy denkelijk vandag hiir wees. Dan di meeste jonge Afrikaners wat uit Europa kom is saam met ons. Hy kan gerus sê dat al di vernaamste taalgeleerde van Suid Afrika ver di Afrikaanse taal geywer het en nog ywer. Daarna lê spreker enige reglemente van orde voor wat deur di vergadering goedgekeur is.

Di vergadering gaan toen o'er om ambtenare te kiis, met di vollende uitslag:—

Voorsitter: Ds. S. J. du Toit.

Hulp-Voorsitter: Mnr. F. J. Joubert.

Sekretaris: Mnr. D. P. du Toit.

Assist. Sekretaris: Mnr. P. J. Badenhorst, Jnr.

An di orde kom toen di bespreking van di verhouding van Afrikaans tot Hollansen, of ons sal perbeer om 'n tussentaal te maak tussen Afrikaans (soos di 'Patriot' dit skrywe) en Hollans.

Prof. Cachet sê dat hy senuwagtig word as nimand opstaan. Hy sou dus mar opstaan om 'n paar woorde te sê. Hy was ver vele jare voorstander van di Afrikaanse taal. Hy had altyd getrag om dit te skrywe; en di eerste Afrikaanse gedig was van syn pen. Hiir word gespreek van 'n taal te maak. Dit kan ni gedoen worde. 'nTaal word deur di volk self gemaak. Di taal is nes 'n boom en groei. Vroeger het mense di bome so gesnoei dat dit ni na 'n boom lyk. Di vraag is: wat is Afrikaans? Moet ek soos myn kombuismeid spreek? Né ek spreek soos 'n beskaafde Afrikaner praat, en dan sal ons siin dat ons ni so vër van Hollans staan. In Holland is oek 'n beweging om di taal te vereenvoudig. Ons wil ni vereenvoudig, mar ons neem di taal soos ons dit kry. Vele wat skre om Hollans, meen dikwils in hulle hart eigenlijk Engels. Hy het 'n studi gemaak van di beginsel "skryf soos ons praat" en bevind dit goed. Hy bevind dat di meeste woorde in di Afrikaanse taal an di Hollans ontleen is. Hy dag dat di uitgé van 'n tydskrif di beweging veel sou bevorder.

Mnr. Naude moes 'n weinig van di geagte spreker verskil. As iits uit di stof moet gehaal worde moet 'n mens buk. Hy hoop di geleerde hère sal bitji afkom.

Prof. Postma sê dat syn kollega 'n paar punte genoem het waarmé hy instem. Syn hele opvoeding was Hollans, maar deur syn taalstudi is hy tot di besluit gekom dat waar 'n volk s, is 'n taal.

Daar is 'n Afrikaanse volk en 'n Afrikaanse taal. Verder het di 71 stelling van Ds. du Toit hom o'ertuig. Dit is ni 'n kwessi of Afrikaans 'n taal moet wees ni, dit is ons taal. Ons kan ni ver ons 'n ander taal maak. Afrikaans is myn moeder, Hollans myn ouma. Sy woon by my in huis; want ek kan haar tog ni verstoot ni. Hollans gebruik spreker as 'n middel ver Afrikaanse woorde. Afrikaans is di taal van ons hart; as ons Hollans spreek dan voel ons uit di plek. Hy is vereers ni daarvoor dit van di kansel te gebruik, hoewel dit soms noodzakelik is, veral by kinderpreke. Hy was eens met di beginsel skryf soos jy praat.

Mnr. P Badenhorst bevind sig nou in syn element, soos 'n vis di water. Hy kon nou praat soos hy gewoon is. As kerkeraadslid had hy ondervinde in katkesasi dat di kinders dikwils ni di Hollandse vra'e verstaan, wat in Afrikaans moes gebruik worde om hulle dit duidelik te maak.

Mnr. D. F. du Toit was verblyd o'er di ansprake van di twe professors; mar hy kon ni saam gaan met hulle waar hulle sê: skryf soos beskaafde Afrikaners praat. Ons moet meer afdaal soos Mnr. Naude angewys het. Di beskaafde Afrikaner perbeer om so goed te praat as hy kan, en dan kry ons juis wat genoem word 'n tussentaal. Spreker wys op de onmolkheid van 'n taal ver di volk te maak. Di volk maak di taal. Di opini van Dr. Brill o'er "skryf soos jy praat" was dat dit in Holland onmolk sou wees; want elke provinsi praat 'n ander taal. Mar an di Kaap het hy ondervinde dat een taal gepraat word van di Kaap tot an Sambesi. Dit was hom 'n blydskap dat di reel was. "Skryf soos jy praat" want di taal ondergaan gedurig verandering. Met di reel bly ons ons self gelyk. Hy kon verder sê op gesag van 'n geleerde man dat 'n plat-taal onsin is, want di taal bly di volk gelyk. Daar is woorde wat ons ni juis behoef te gebruik soos mnr. Badenhorst angewys het. Baing wat nog ver Afrikaans is wil ni hoor dat di Bybel in Afrikaans moet vertaal worde. Dis 'n hard Roomse beginsel Di bybel word in alle Kaffer- en Hottentots- tale vertaal, en waarom ni in Afrikaans? By di vertaling van di Bybel is di behoefte gevoel om enige

boere daarby te hê ten einde meer op een voet met di volk te kom. Hy wys daarop dat di volk ni kon opklim, mar dat di geleerde hêre moes neerbuig tot di volk, en hulle taal neem waar dit is.

Prof. Logeman vind dit moeilik in Afrikaans te spreek, hoewel hy ver di beginsel is "skryf soos jy praat." Een van di sprekers het gesê dat ons di voorbeeld moet neem van di Heere Jesus, wat neer gekom is tot ons f as 'n man wat neerbuig om iits op te tel. Mar hy moes er op wys dat as 'n man buk om iits op te tel, hy hom oek weer oprig. Spreker wys er op dat elk een na di aard van syn nering 'n seker hoeveelheid woorde gebruik. Moet nou di woorde wat di boer ni gebruik ni opsy geset worde? Né hy moet trag om syn woordeskat uit te brei. Hy veroordeel di gewoonte om Engels met Hollans te meng. Hy kon veul van sjokolade hou en veul van ham, mar hy sou ni albei gelyk in syn mond steek ni. Verder wys hy daarop dat di spreektaal van Holland ni so veul verskil van Afrikaans.

Mnr. C. Badenhorst sê hy is maar onkundig, mar hy het getrag om uit te vinde hoe dom hy is. Hy respektier di gevoele van Prof. Logeman, wat toon dat hy nog an Holland verbinde is, hoewel hy in Afrika woon. Hy gevoel egter di behoefte van toenadering. Di professors en geleerde manne moet bitji meer afkom. Hulle is nog te hoog ver ons.

Prof. Postma sê dat hy gesê het dat ons moet skrywe soos di beskaafde Afrikaner praat. Hy het daarmê bedoel dat ons moet skrywe soos ds. du Toit praat.

Pros. Logeman sê dat hy ni bedoel had dat almal hiir Hollans moet leer, mar dat ons ni so gou woorde moet weg gooi wat ver ons vreemd klin?. Hy wil ni dat almal moes praat soos hy, want hy kon nog ni Afrikaans praat ni. Laat elkeen praat in syn gewone taal, mar laat hy tog ni bang wees ver ongewone woorde ni.

Ds. Snyman sê dit lyk ver hom of daar 2 partye onder di Afrikaners is, een party wil di taal van 'n beskaafde Afrikaner, en di ander wil so laag molik begin. Syn bedoeling was dat ons so goed moet skrywe en praat as ons kan. Ons moes siin om di Afrikaanse taal so veel molik te beskaaf en te ontwikkel. Ons moet di laat veredel.

Mnr. F. J. Joubert sê dit het hom veul nadcnke gekos om te besluit om met di Afrikaanse taal mé te gaan. Mar hy vra an homself: Wat is ek? 'n Afrikaner. Wat is myn taal: Engels is ni myn taal, en 'n

volk moet 'n taal hê. As ons ni 'n taal het, dan kan ons ni 'n volk wees, ni. Dit het hom tot di o'ertuiging gebring dat Afrikaans di taal is van di Afrikaner, en daarby sou hy bly.

Mnr. Joubert moes di vergadering verlaat, en Ds. F S du Toit, wat intussen angekom was, neem as hulp-voorsitter plaas.

Ds. M. Postma sê dat daar alle pogings gedaen was om Afrikaans te onderdruk. Hy had dit op skool ondervinde. Niteenstaande is di taal van dag nog. Di Afrikaners nasi is 'n selfstandige volk, en eis di regte van 'n eie taal. As prelikant het hy ondervinde dat hy nader an di harte kom deur di Afrikaanse taal te praat. Hy wys op di vooruitgang van di *Patriot* in di laatste 20 jare. Hy word nou wyd en syd gelees en word goed verstaan, beter as Hollandse kraue.

Mnr. Grabe sê dat hoewel ons taal al 200 jare rondgeslinger is, is ons ni vandag 'n graad meer Hollans, mar meer Afrikaans. 'n Boesman het 'n taal, waarom di Afrikaners oek ni?

Mnr. P. Pretorius wil hê dat ons di taal by di wortel moes vat. In elke taal is gemene woorde. Ons moet ni net na di onedele woorde in ons taal kyk, ons moet di edele wortel vat en ontwikkel.

Mnr. P. Scholtz sê dis ver hom 'n groot genot vandag te spreek in di taal van syn moeder tot mede Afrikaners. In Hollans voel hy hom nes in 'n pak klere wat te groot is. In Afrikaans was hy tuis. Ons taal het nog gen letterkunde, omdat di taal nog jong is. Daar is gesê dat Afrikaans te plat is. Di man wat jít sê is self plat (hoor hoor). Di taal is di middel om ons gedagte an andere bekend te maak. Is dit di grondslag, dan is dit 'n duidelike bewys dat di Patriotstaalons taal is; want daarin kan ons ons gedagte uitdruk.

Mnr. D. Hauptfleisch sê dat hy een van de eerste was wat met di beweging saam gegaan is. Hier is gevra hoe moet ons begin? Ons moet di taal neem waar dit is en bouw daarop. As ons ni Afrikaans opbou ni, dan kry Engels di o'erhand en verloor ons ons nasionaliteit.

Mnr. W. Odendal was dit eens met wat di professors gesê het. Di laaste 20 jare wys ons di grote ontwikkeling van di Afrikaanse taal. So moet di taal angroei, en veredel worde. Hy noem di verskillende gevalle waar di skryftaal verbeter kan worde. Hy meen dat ons di Afrikaanse taal moes anhang, anders loop ons gevaar deur Engels verdruk te worde.

Mnr. Joubert sê dat hy ni vandag hiir sou gewees hê as di *Patriot* hom ni uit ei stof opgetel het. Di *Patriot* het syn oge geopen. Hy het nooit krant gelees, en na hom gekyk. Di *Patriot* het hom gemaak wat hy vandag is. Hy het gekom om syn warme liefde ver syn volk en taal te toon. Ver ons is di enigste redding di Afrikaanse taal op te bou. Ons gewone taal moet oek ons gebedstaal wees.

Mnr. D v Niekerk sê dat di *Patriot* hom gevorm het. Hy kon dit ni help ni, hy moes syn weldoener erken. Dit was een van syn beginsels. As daar iits is wat di *Patriot* gedoen het, dan is dit di vorming van ons taal. En as ons ons taal ni het dan is ons gen volk. As ons taal gebrekkig is an woorde, soos be-weer is, waarom kan ons dan ni van Hollans leen ni?

Mnr. Human sê hy is bly om in geselskap van Afrikaners te wees, en te getuig ver syn taal. Di *Patriot* het hom van 'n halwe Hollander en halwe Engelsman tot 'n warme Afrikaner gemaak. Di taal van di preekstoel is ni ons taal ni; ons verstaan dit ni.

Mnr. Gert Coetzee (Bechanaland) was verblyd so baing Afrikaners te siin. Hy was nooit 'n halwe Engelsman, mar altijd 'n op-regte Afrikaner.

Mnr. C Liebenberg sê dat as hy Hollans moes spreek sou hy deur di mat val, mar in syn eie taal is hy tuis. Daarom was hy bly dat hy in syn eie taal kon praat. Hy was eers skaam syn *Patriot* te lees, mar vandag was hy trots om te getuig dat di *Patriot* hom gehelp het. Di Afrikaanse taal is 'n middel tot ontwikkeling van gees deur in ons eie taal woorde te wissel en an makkaar te skrywe.

Ds. F S du Toit sê dat dikwils gesê word di Afrikaanse taal is te plat. As 'n wapen daarteen kon hy meedeel wat deur Dr. Viljoen gesê is, namelik dat 'n taal alleen plat is wanneer di denkbeelde plat is. As ons vuile taal gebruik praat ons plat taal. Di grote taalkundige Max Muller het gesê dat self di "Klik Klak" van di Boesmans ni ver hom plat is.

Di Voorsitter se dat di tyd verstreke is en dat 'n voorstel o'er di punt onder diskussi in di namiddag ingediin sou worde. Hy had 'n ansoek van mnr. Glassberg ontvang om di kongreslede af te neem op morge (Donderdag) namiddag.

Ansoek toegestaan. Daarna verdaag di vergadering.

NAMIDDAGSITTING.

Om 3 uur werd di verrigtings hervat, en di kwessi van di verhouding van Afrikaans tot Hollans was nog an di orde.

Ds. F. S. du Toit sê dat hy op 'n punt van orde wil herinner an 2 persone, lede van di Genootskap van Regte Afrikaners wat vandag verjaar, same met di *Patriot*, nl., Mnr. D. F. du Toit, D.P.zn. en Mnr. J. W. v. d. Ryst.

Beslote werd om 'n telegram van di vol-lende inhoud an di twe hêre te telegra-feer:—

'Di Afrikaanse Taal Kongres stuur hulle hartelike gelukwens an menere D. F du Toit, D.P.sn. en J. W. v. d. Ryst op hulle verjaardag, bedank hulle vir di diinste wat hulle gedoen het vir di Afrikaanse taal, en wens hulle Gods seen en 'n lang lewe tot heil ver land, volk en taal.'

Mnr. J. Cilliers (Kroonstad) was bly in staat te wees di vergadering by te woon. Dit was hom aangenaam di professers so in syn gees te hoor praat. Hy was van gevoele dat daar ni 'n tussentaal kan gemaak worde ni. Ons moet di taal vat waar dit vandag is en verbeter. Hy sou voorstel

"Dat di Afrikaanse Taalkongres sig verklaar ten gunste van di beginsel skryf soos jy praat, dit wel sê om di beskaafde spreektaal van ons land tot grondslag te lê en tot reël van skryftaal en saam met ons volk te ontwikkel."

Mnr. D. van Niekerk sekondeer.

Ds. du Toit verlaat di stoel en sê dat hy di woord eers an andere gelaat het. Nou wil hy iits sê. So vër as hiir gepraat is skyn almal op een grondslag te staan. Hy moet sê wat hom op di hart is. Ons staan in 'n taalstryd en waar taalstryd is win di gemaklikste taal dit. Dit is altoos geblyk. As ons vra wat is di makkelikste taal, dan is di antwoord Afrikaans, tweede Engels en di swaarste Hollans. Daar is ni een Hollander wat syn taal kan skrywe sonder 'n woorde boek, dit het ons van morre hiir van n Professor gehoor. Gen Hollander ken al di geslagte van syn taal. Hoe sal ons dit dan leer met 'n paar maande skool? 'n Professor het erken dat 1 uit 100 leerlinge di Hollans so leer dat hy hom daarmé goed kan help. Wat moet ons dan maak met so 'n taal? Spreker wys hoe min inbreuk andere tale op di Afrikaans gemaak het. Dit is suiwer Germaans gebly. Di Afrikaanse taal is ni 'n boom soos gesê was, mar 'n tak van di grote taalboom. Let op di handigheid, di edele karakter van di taal.

Di Afrikaanse taal het meer di woorde suiver behou as Hollans. Waar di Hollander vreemde woorde gebruik, het di Afrikaner 'n suiver woord klaar, byvoorbeeld, ver "lucifer" sê ons "vuurhoutje," "cameleon" het ons 2 woorde verkleurmanneltje" en "trap-sutjiis," net so het ons di "lokomotief" gedoopt "vuurwa" en "yser pêrd," di "telegraaf" noem ons di "lang-tong," di "Commercial travellers" het ons guogou gedoopt "lappiis-smouse" ens. Ons het dus di Hollandse taal ni verarm in, mar verrijk deur te put uit di Germaanse of oud-Diitse taalskat.

Mar nou sê andere ons taal is so arm an verbuigings en andere vorme.

As hy MaxMuller moes neem, dan is di Afrikaanse taal di beste taal, want hy verklaar dat di gemaklikste taal di beste is. Afrikaans is dus bo! Gedurende di laatste 20 jaar is deur di Patriotkantoor uitgegê sowat 93,000 Hollarse en 81,000 Afrikaanse boeke, behalve tiin duisende boeke wat ons uit Holland laat kom en versprei het. Di Afrik. Taalbeweging het di mense ni alleen and' lees ni, maar oek and' skrywe gesit.

Ons het ni net 'n taal om te lees, mar oek om gedagtes te wissel. Di Afrikaanse taal het di mense an skrywe gesit. Ons kan Hollans lees, mar ons kan dit ni skrywe ni. Daarom moes di toevlug tot Afrikaans geneem word. Di taal word nou in ons wetgewing en in di Volksrade gepraat, wat van Hollans praat is daar gen sprake ni. Ons is ni teen Hollandse literatuur. Ons versprei dit. Dis ons erfgoed. As daar iets gedoen moet worde ver Hollans dan is ons bereid om dit te help bevorder, mar ons bly by ons vaste beginsel. Spreker hoop dat di voorstel algemeen byval sal vinde.

Mnr. Naude vrees dat di woord "beskaafde taal" eenvoudigheid sal uitsluit.

Di Voorsitter gé inligting van di punt, dat beskaaf ni meen geleerd ni; ons gewone beerebevolking is ongeleerd, maar tog beskaafd.

Mnr. Badenhorst sê dat di slegte woorde in taal di taal onbeskaaf maak.

Prof. Cachet sê dat hy met beskaafde taal bedoel di taal wat hy di heel oggend hoor praat het.

Di voorstel werd tot stemming gebring en algemeen aangeneem.

Di Voorsitter lees o.a. 'n telegram van Mnr. J. H. Hofmeyr (Onse Jan) waarin hy syn spyt te kenne gé dat hy ni kan teenwoordig wees; oek 'n briif van Ds. N. Hofmeyr, Staatsskool, Pretoria, van diselfde inhoud; oek 'n briif van di Voorsitter van di Bond, waarin hy betreur dat hy ni teenwoordig kan

wees, en di verg. alle seen toewens. Verder lê di Voorsitter 'n briif voor van enige manne van taalkennis, bevattende enige wenke o'er di taalkwessi.

Pu t 2 kom toen in behandeling, nl. di *verhouding tussen Afrikaans en Engels*; di uitgaaf van 'n vergelykende Taalkunde van en in albei tale en van 'n Woordeboek van Afrikaans Engels en Engels-Afrikaans, benoeming van 'n Werkend, Kommissi daartoe.

Di Voorsitter lig di punt toe en sê ons moet ni alleen praat, mar oek iets doen. Di hoofbeginsel is aangeneem; ons moet nou tot di praktiese werk oergaan. Ons taal moet nou tot eenvormigheid kom. Ons moet hom nou onder taalreels set, en daartoe is 'n taalkunde nodig. Hy sou an di hand gé 3 man an te stel om 'n taalkunde en woordeboek op te stel, en andere manne om dit na te gaan. Dit sal daarmé ni klaar wees ni, want di taal groei altyd an, mar dit sal 'n begin wees. So ver as ons kan siin sal hiir in ons land altyd 2 tale bestaan. Dis gen nadeel. In lande as Duitsland waar net een taal is, word 'n ander taal bygeleer, om di moedertaal met 'n ander taal te vergelyk. Dit is nodig. 'n Engelsman kan gen Hollans leer, mar hy leer Afrikaans gou. Engels en Afrikaans sal goed saam gaan. Di Engelsman wil Afrikaans leer mar het gen boeke ni, as net di Samesprake wat deur di *Patriot* drukkerij uitgegê is, en di is almal gou uitverkoop. 'n Vergelykende taalkunde is noodzakelik. Laat ons ni veg teen Engels, mar laat ons saam werk. Di Engelsman moet ons taal leer, en ons leer hulle taal.

Prof. Postma kon alles beaam wat di vorige spreker gesê het. Wat betref di vermening van Afrikaans met Engels, moes hy tot syn skande sê, dat dit deur verengelste Afrikaners is wat ni genoeg Engels ken en oek ni Hollans. In Kimberley en andere grote plekke kan al di klerke Afrikaans praat. As ons dus lei sal hulle spoedig volg.

Prof. Cachet dag dat 'n Afrikaanse woordeboek en 'n -Afrikaanse taalkunde nodig is. Wat betref di uitvoering van di saak dag hy dat dit an 'n Kommissi gelaat moes worde om rapport te doen.

Di Voorsitter gé an di hand dat 'n kommissi nou benoem worde om morre oggend 'n voorstel in te diin o'er di kwessi.

Ds. Snyman dag dit te vroeg om 'n vergelykende taalkunde uit te gé. Ons moet eers di Afrikaans verder bring, en di Engels solang laat staan. Dan moet ons siin om meer regte te kry ver di Afrikaanse taal.

Dit moet 'n erkende taal worde, en op di skole geleer worde.

Mnr. van Niekerc (Prieska) was daarvoor dat Afrikaans en Engels saam moet gaan. Hy was teen uitstel van di saak, en stel voor dat 'n vergelykende taalkunde sal uitgegê worde, en 'n woordeboek, en dat di Kommissi sal bestaan uit: Ds. S. J. du Toit, Dr. Hoffman, en Dr. Viljoen.

Prof. Logeman sê dat dit eers sou nodig wees om 'n woordelijs van di taal te vorm. Hy moes egter waarsku dat dit ni somar so in 'n week kan gedaen worde deur 3 persone,

Ds. M. Postma hoop ons sal ni haastig wees. Ons moet eers kruip en dan loop. Hy vrees dat ons deur 'n vergelykende taalkunde di Engels sal anhelp, en Engels het ni hulp nodig. Daar word reeds te veel an Engels gedaen.

Di Voorsitter sê tot inligting van Prof. Logeman dat di stof ver 'n woordeboek grotendeels al gereed gemaak is deur wyle Mnr. Pannevis en Dr. Viljoen.

Prof. Cachet was bevreesd dat ons 'n weinig te gou wil wees. Al is dit ni 'n reusewerk dan is dit 'n halwe reusewerk.

Di voorstel om di saak te verwys na 'n kommissi werd tot stemming gebring en algemeen aangeneem.

As lede van di Kommissi werd benoem Prof. Cachet, Prof. Postma, Di. Snyman en S. J. du Toit.

Di vergadering gaan toen oer tot bespreking van punt 4:—*Verskillende Vrage in verband met di Spelling*, soos *baing* of *banja*, *ek* of *ik*, *hem* of *hom*, *oek* of *ok*, *bitji* of *biki*, *hoger* en *lager*, of *ho'er* en *la'er*; o'er *ii* of *ie*, o'er *d* of *t* an di end van woorde, wat by verlenging *d* gebruik, soos *hond* of *hont*, *mond* of *mont*; o'er wegwerping van onnodige letters, soos *z, c, x, g*, en *v* of *f*; o'er di uitdrukking van verskillende *e* klanke, soos in gegê, wêreld, nè, ens. Uitgê van 'n *Afrikaanse Tydskrif*, sê al maande, met niks as oorspronklike Afrikaanse stukke (prosa en poësi) o'er ons taal, geskiedenis, ens, tot ankweking van eie talent en 'n eie letterkunde.

Prof. Cachet dag dat di spelling ni met meerderheid van stemme kon beslis word. Dit was 'n werk ver 'n kommissi. Di kwessi van 'n tydskrif kon egter bespreek worde.

Di Voorsitter stem in met di vorige spreker. Di spelling val onder di werk van di kommissi. Mar o'er di uitgê van 'n tydskrif kan di vergadering beste beslis of di volk ryp is ver so iits. Di skrywer ver di tydskrif sou wel gevinde worde.

Prof. Cachet dag dat 'n begin gemaak moes worde deur prenteboekjiis uit te gê. Di grote kwessi is egter waar kom di geld vandaan ver di uitvoering van di saak. Daartoe sou hy an di hand gê dat 'n waarborg geteken moet worde, elke ondertekenaar waarvan 'n seker bedrag per jaar ver di saak moet gê. Di geldsaak was tot hiirtoe nog altyd di klip waarop skipbreuk gely worde. Prenteboekjiis en 'n tydskrif sal di beste middel wees om di Afr. taal te bevorder. Hy dag di kwessi kon oek na 'n kommissi verwys worde.

Mnr. Scholtz sê dat di eerste stap is om di geld te kry. Hy stel voor: "Di vergadering is van gevoele dat 'n kommissi uit haar midde benoem worde—

(a) om 'n tydskrif maandeliks uit te gê, en prenteboekjiis te laat publiseer, en

(b) om geld bijeen te bring ver di doel."

Ds. M. Postma sê dat hy oek wat ondervinding gehad het en weet dat di grote moeilikheid in verband met di uitgê van 'n tydskrif is di geld. Hy was daarom ver di voorstel dat 'n goeie kommissi benoem worde om di fondse byeen te bring.

Mnr. C. Badenhorst sê dat as di Predikante di voortou neem dan sal di saak gou deurgaan.

Mnr. C. Liebenberg sê dat di Afrikaanse taal bes sal bevorder word deur di kinders, deur middel van prenteboekjiis, van jonge af an in di Afrikaanse taal op te lei.

Di Voorsitter sê as dit ondervinding geld dan kan hy oek mépraat. Daar is di *Patriot*. Hy het smoor smoor en sug sug uitgekom. Di uitgewer het ni eens syn naan mag laat bekend worde. Di *Patriot* het tyd en geld geëis; mar di ondervinding het hom ni bang gemaak. 'n Mens moet 'n saak ni net vat van di donker kant ni. Ons moet di yser smé solang dit rooi is. Ons is nou hiir by makkaar. Laat ons dadelik te werk gaan en siin wat ons kan byeen bring.

Di voorstel Scholtz werd aangeneem.

Tot lede van di kommissi werd benoem Prof. Postma, Prof. Cachet, Di. Snyman, M. Postma, S. J. en F. S. du Toit.

Op 'n wenk van Ds. du Toit werd di vergadering di geleendheid gegê 'n adviseerende stem te gê o'er di spelling van di woorde genoem onder punt 4.

Di uitslag was as volg: *baing* 42, *banja* 19 stemme; *ek* 38, *ik* 23; *hom* 53, *hem* 3; *oek* 19, *ok* 35, *oek* 10; *biki* 25, *bitji* 45; *d* (in woorde soos *houd*, *mond* ens.) grote meerderheid, *t* 3; *ho'er* en *la'er* ens. sonder *g* 55, met *g* 3.

Daarna verdaag di vergadering om 6 uur.

'N GESELLIGE BYEENKOMS.

Vollens di aankondiging werd daar Woensdag aand in di Stadshuis 'n gesellige byeenkoms gehou. Behalwe di Kongres-lede was daar ook 'n heel party belangstellende teenwoordig waaronder 'n groot aantal dames.

Ds. S. J. du Toit heet di lede en belangstellende hartelik welkom. Toen introduseer hy Prof. Rocco de Villiers ons musikmeester. Mnr. De Villiers het an hom gesê dat hy niks in hande had en dus onklaar was, mar almal wat hom ken sal wel weet dat dit ver ons onnodig is om hom enige lof toe te swaai. Hy speel toen 'n stuk op meesterlike wyse. Ds. S. J. du Toit roep toen op ver Mnr. Joh. Cilliers van di Vrystaat, 'n seun van di welbekende ou mnr. Sarel Cilliers, di ou voortrekker, om van hulle lotgevalle te vertel.

Mnr. Cilliers wat onder gejuig opkom sê dat hy mar 'n eenvoudige man is, mar tog sal perbeer om hom verstaanbaar te maak. In di jaar 1836 trek syn pa deur Grootrivier en toen kiis hulle 'n kommissi om te kyk waar Triegaard en Rensburg is. Hulle ontmoet di komm. toen in twe partye. Di twe was egter uit makkaar, dog werd deur bemiddeling van di komm. verénig. Toen trek hulle na Vegkop. Op weg siin hulle dat di kaffers 'n moord begaan en dri kinders gesteel het. Een het egter weer teruggekóm.

By Vegkop was di kommandant syn plan om weg te vlug toen hy di kaffermag siin. Mar di ou vaders wou ni en toen maak hulle 'n lager, waar hulle di vrouens en kinders in gesit het. Toen steek di boere 'n wit vlag uit ver vrede, mar di kaffers val hulle toen an, op 50 tre begin di Boere (325 sterk) te skii. Di kaffers perbeer toen om di kamp oop te breek en in di kamp het hulle 1150 assegaai opgetel. Di kaffers was so naby dat di boere ni eens hulle gewere met di laaistok kon laai ni. Di geveg het 3 uur geduur. Di vrouens het altyd di gewere gelaai (toejuging.) Di kaffers begin toen te vlug 2 van di Boere was dood en 5 gewond. Di kaffers het egter al hulle vee gesteel. Hulle was toen verplig om di wa'ens met di hande 'n end weg te trek. Toen het hulle ver Marokko osse gevra wat hy ook gegé het, en toen is hulle na Marokko gegaan.

Ds S J duToit sê Mnr. Cilliers was te beskeie om dit te doen, mar hy sal dit nou sê, dat di groot man by Vegkop ou Mnr Sarel Cilliers was. Verlede jaar was hy spreker, op 'n reis in Mashonaland. Daar raak twe van di geselskap and' stry o'er di pérd en os, na anleiding waarvan hy twe gedigte gemaak het; voor 'n paar dage het hy dit na Prof. R. de

Villiers gestuur om daar musiek op te sit, wat hy gedaan het, en nou sal speel nadat hy, spreker, dit eers voorgelees het. Uit werd gesing (di ver di os) deur Mnr. Ati de Villiers Rocco sn., en (ver di pérd) deur Mnr Johande Villiers. Dit werd mees-terlik uitgevoer en meer male werd hulle in di sing toegejuig, dat dit dreun.

Mnr. Cilliers begin toen weer met di gekidenis. By Marokko, digteby Bloemfontein, moet ons toen 'n kommando maak teen Salkats. Hy was toen waar nou Salkaats Nek is; hulle val Salkats an, o'erwen hom en maak 'n grote buit. Ons het toen alle kragte ingespan om deur Vaalrivier te kom. Di morre siin hulle dat daar 'n opgesaalde pérd was sonder baas; hulle gaan terug en kry di man, wat di nag gerus en and' slaap was, in 'n hewige geveg met 'n leen. Toen hulle deur Vaalrivier trek het di water so sterk afgekóm dat Salkats ni kon deur kom ni. Hulle het nog 'n slag ver Salkats angeval en heeltemaal verslaan en groot buit geneem. Spreker gé (toen di gekidenis van Piet Retief en hoe hy di beeste van Sykonyella afgeneem het, wat an Dingaan behoer het. Maritz presenteer toen om met nog 2 man di beeste te gaan wegbring. Twee van Dingaan syn kapteins het saam gegaan, toen Retief di beeste afgeneem het. Retief sê egter: né hy sal self di vee gaan weg bring. Twee en sestig Boere het toen met hom saam gegaan; toen di kontrak geteken was moes Retief met syn manne in di kamp kom om te siin hoe di kaffers dans en ook om biir te drink. Di kaffers dans al nouwer en nouwer in 'n kring tot Dingaan di woord sê: "Slaat dood di towernaars." Di boere het hulle dapper geweer met hulle knipmesse. Di Boere is toen vas gemaak en toen buitekant di stad wreed vermoor.

Ds. S. J. du Toit vra toen Mnr. Melt Brink om 'n gedig wat hy onlangs self gemaak het, getitel "Di Girigaard" te resiteer. Dit het geweldig in di smaak geval, en werd hartelik toegejuig.

DI GIRIGE LEKKERBEK.

Ou Piet Sagryn
Van Kaalfontein,
Had geld in oervloed;
Mar daarby ook 'n groot gebrek,
Hy was so girig as 'n vrek,
En deed gen mens ooit goed.

Syn kas, gepak
Met sak op sak,
Vol geld, mar neestal goud,
Want d'ou was veel te suinig nog,
Dat by een warme jas hem kog,
Al was dit nog so koud.

Syn middagmaal,
 Mar altyd skraal ;
 Bestaat uit droge brood ;
 Ofskoon hy vele plase had,
 En vé by duisende besat,
 Tog sit hy steeds in nood.

Syn klaag gesang
 Was ure lang ;
 Hy kon dit ni meer staan ;
 Hoe suinig hy mag drink en eet,
 Hy moes betale dat hy sweet ;
 En sou bankroet nog gaag.

Ruim vyftien jaar
 Al, wewenaar ;
 Met net één enig kind ;
 Mar di oek girig, net soos hy,
 Kon hy syn maag gevuld slegs kry ;
 Sou lewe van di wind.

In 't kort, klein Piet
 So as jul' siit
 Was net kompleet syn Pa ;
 Want alles wat di ou mag seg,
 Piet vind dit goed, en vind dit reg,
 En seg op alles "ja !"

Op dese wys
 Werd oñ Piet grys,
 En kleine Piet werd groot.
 Hul was so vet ni om te slag,
 Mar, wi sou dit oek kan verwag
 Van water slegs en brood ?

Hul' buik nooit vol,
 Leg diip en hol,
 Hul' kon verskriklik eet !
 Werd hul' by imand uitgevraag,
 Dan owerlaai hul' so di maag,
 Dat hul daarvan moes sweet.

Een dag, het hul
 By oñ Koos Bril,
 Oek self 'n siir gemaak,
 Di altyd mar syn kostkas sloot
 'n Stukki kaas geëet met brood,
 Wat lekker het gesmaak.

Mar van di dag
 Het oñ Piet, ag !
 Van rus nog duur gewee
 Want klein Piet, met 'n groot geraas
 Roep, "Pa!...koop tog ver ons óók kaas !
 "Om by ons brood te eet !

"Di pure brood
 "Di maak ons dood !
 "Myn maag voel tog so laf !
 "'n stukki kaas kost tog ni veel
 "Ek sou dit somar kan gaan steel !
 Was ek ni bang ver straf.

Ou Piet werd sag
 Deur di geklag,
 En kog één trippens kaas !
 Mar set dit in n fles van glas,
 En sluit dit weg toen in di kas,
 "Want !" — zeg hij, — "Ek is baas !"...

En idere keer,
 Dat hul nou weer
 Op kaas met brood wou gas,
 Dan haal hul net di fles daaruit,
 En wryf hul' brood, of oek beskuit
 Van buite teën di glas.

En dink daarby:
 "Wat lekkerny !"
 "Ons eet nou kaas met brood !
 "Ons mage word nou vol gefop,
 "Dan tog raak so di kaas ni op,
 Mar blyf steeds heel en groot.

Ofskoon klein Piet
 Uit puur verdriet
 Di fles graag oop' wou maak
 Om, was dit mar 'n kleine stuk
 Daar af te breek en in te sluk
 Net om dit reg te maak.

So het daar al.
 n Sewental
 Van maanden heen gedryf;
 Di stukki kaas blyf net so groot,
 Hoe hard hul dagelyks hul' brood,
 Oek teën di fles mag wryf.

Mar kyk, syn oñ
 Wis dit heel gou,
 En het dit goed bewaak ;
 Sodat Klein Piet daar af moes blyf.
 En net deur an di fles te wryf,
 Kon proewe hoe dit smaak.

Pas was hul klaar
 Met eet, of daar
 Werd reeds di fles gepak
 En één, twé, ging dit in di kas
 Di slot was dig, en net so was
 Di sleutel in syn sak.

Mar op 'n dag,
 Werd onverwag
 Oñ Piet geroep van huis,
 "Myn kind," — seg hy, — "pas goed nou op !
 "Ek blyf ni lang weg, op syn kop
 "Is 'k twaalf uur al weer thuis !"

Klein Piet gaat vlug
 En werk gedug,
 Totdat dit twaalf uur slaat ;
 Mar toen syn pa ni op kom daag
 En d' honger hom begin te plaag,
 Dag hy, "daar 's mar één raad :

"Ek moet gaan eet !
 "Want kyk, wi weet
 "Hoe lang pa weg kan bly ?
 "En so kan ek ni langer hou,
 "'n Stukki brood moet ek eers kou
 Om tog weer krag te kry.

Hy gryp 'n stuk,
 Mar kon ni sluk ;
 Di brood was — moet jul weet —
 So droog as hooi ; en Piet sug swaar :
 "Had ek di kas syn sleutel maar,
 "Om kaas daar by te eet ;

"Né, 'k moet verbeer,
 "Dit gaat ni meer
 "Om sonder kaas te blyf!"
 En teen di deur nou van di kas,
 Alwaar di fles met kan ni was,
 Gaat hy syn brood nou wryf.

Dog, wyl hy druk,
 Nou wryf, dan sluk;
 Kom ook syn vader thuis,
 Hy siit ver Piet, staat gans verplet
 En seg,— "jul kinders! is mar net
 "Jul ouders tot 'n kruis!

"Al wat jul wil,
 "Is geld verspil!
 "Jou lekkerbek!...moet jy
 "Di suinigheid so sleg betrag?
 "Dat jy ni voor één enk'le dag
 Meer sonder kaas kan bly?

Toen gé Mnr. Baker 'n Viool Solo geakkompaneer deur Miss Koosi de Villiers. Wel di twe iste te goed bekend dan dat ons ver hulle enige lof hoof toe te swaai.

Mnr. Cilliers vertel toen hoe hulle Retief ver wag het by di kamp. Een morre hoor hulle in di boers kamp gewere skote, mar in plaas van Retief en syn manne was dit 'n magtige kaffer kommande wat begin di weerlose kinders en vrouens te vermoor. Naderhand kom daar 6 boere wat 'n endji verder was en drijve di kaffers terug. Di kaffers neem egter 'n menigte vé weg. Daar is di slag tussen 500 en 600 vermoor. Hulle het teen slote gemaak en di lijke begrawe. Later kom di kaffers weer, mar di voortrekkers het hulle dapper terug gedrywe. Di Kaffers moes toen gestraf worde, toen was daar 3 partye: Maritz, Uijs en Potgieter. Maritz trek terug ten gunste van Uijs. Di 2 het toen di kaffers angeval, mar di slag was noodlottig; 9 man werd gedood; ook Uys. Di seun van Uys het nog ver syn pa gaan help toen hy omkyk en syn pa tussen di kaffers siin; mar werd doodgesteek. Toen gaan 3 man hulp seek. Hulle kry ver And. Pretorius was toen kom en ver Generaal gekiis werd. Toen maak hulle 'n perde-kommando om di kaffers te straf. Links van Lady Smith is Danskraal en daar het di boere an di Heere 'n gelofte gedoen, om as Hy hulle di o'erwinning gé, Hom di dag te heilig alle jare.

Digteby Bloedrivier kry hulle toen di kaffer nasi. Di lager was op 'n baing sterk plek in di hoek van di rivier. Di vollende dag, toen di dag uitkom, kom di kaffers, mar hulle kon di lager mar van eenkant anval. Di boere het toen in 'n hewige geveg 'n ontsaggelike menigte doodgeskiit. Di

kaffers het di lager 4 maal angeval. Dit was so erg dat di rivier rood van di bloed was (vandaar di naam Bloedrivier).

Mnr. Baker speel toen ver afskeid nog 'n stuk op di viool, bygestaan deur Miss Koosi de Villiers op di klavier, waarna elkeen welvoldaan na huis gaan, nadat Ds. S. J. du Toit Mnr. Cilliers en Prof. Rocco de Villiers as ook di andere bedank het.

DONDERDAG, 16 JANNEWARI.

TWEDE DAG.

Di verrigtings werd om kwart o'er 9 herwat.

Di kwessi van di manier van spelling van verskillende woorde waaromtrent verskil bestaan werd verder bespreek.

Prof. Logeman sê dat hij volkome eens was dat di x c en q weggegooi kon worde. Di z, v of f meen hy noodzakelik te wees ver di taal. Di letters bestaan wel degelik in di Afrikaanse taal. As ons wil skrywe soos ons praat dan moet ons verskillende letters hé om di verskil van klank in f en v uit te druk. Dan di z is 'n sagte letter wat wel in Afrikaans voorkom, en di s ni kan vervang ni. Hy dag ni dat di letters (z en v) onnodig is ni.

Di Voorsitter se dat hy 20 jaar di Afrikaans bestudeer het en het nog nooit 'n Afrikaner di z hoor uitspreek. 'n Afrikaner ken di klank ni. Hy sou an di hand gé di kwessi an di angestelde kommissi te laat.

Di vergadering was eens met di wenk.

Di Voorsitter lees 'n telegram van Oom Willem (mnr. J. W. v. d. Ryst) in antwoord op di gelukwens van di vergadering met syn verjaardag, wat met gejuig ontvang werd. Dit lui as volg:—

"Hartelik dank an Taalkongres vergelukwens op 'n verjaardag; ek wens julle di mag van eendrag toe. Skole! Skole!! Skole!!!"

Di kommissi angestel o'er punt 2: *di verhouding tussen Afrikaans en Engels*; di uitgaaf van 'n vergelykende Taalkunde van en in albei tale en van 'n Woordeboek van Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans, benoeming van 'n Werkende Kommissi daartoe, rapporteer as volg:—

"Di Kommissi beveel an: a) Dat di Kongres 'n Kommissi anstel om 'n Afrikaanse Taalkunde en 'n Afrikaanse Woardeboek op te stel en uit te gé.

b). Op punt No. 5 (tydskrif) beveel di Kommissi an, dat di Kongres 'n Kommissi benoem om 'n Afrikaanse Tydskrif

nit te gé al maande met di doel om ons Afrikaanse letterkunde an te kweek en ons nasi te ontwikkel met di naam van — en wat ni meer sal kos as 4s. per jaar, vooruit betaalbaar, en daartoe 'n lys te open gedurende di sitting en verder intekene te kry deur di land en met een 'n lys te open ver di voorlopige onkoste."

Di Voorsitter stel punt *a* eerste an di orde.

Di "voorstel van mnr. Van Niekerk was as volg: dat di Kongres besluit 'n vergelykende taalkunde en woordeboek in Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans uit te gé, en dat as kommissi ver di uitvoering daarvan benoem worde Di. S. J. en F. S. du Toit en Dr. Hofman.

Mnr. W. Postma stel voor as amendement: "dat di rapport van di kommissi met dank aangeneem worde."

Mnr. P. Pretorius sekondeer.

Mnr. Van Niekerk verdedig syn voorstel en sê dat hy gen gevaar daarin siin ni, soos beweerd werd, dat Engels sou bevorder worde deur 'n vergelykende taalkunde. Inteendeel dag hy dat dit Engelse sal anhelp om Afrikaans te leer.

Prof. Cachet was daar teen dat so 'n voorstel van di Kongres sou uitgaan.

Mnr. T. Louw praat sterk teen onderwys van Engels an kinders voordat hulle Hollans eers goed ken.

Mnr. P. Pretorius sê ons moet eers ons eie taal op 'n goeie voet bring voor dat ons 'n ander taal kan help bevorder.

Mnr. A. J. de Villiers sê dat as di taalkunde en woordeboek net in Afrikaans uitgege worde sal gen Engelsman dit insiin, en de meeste onderwysers sal dit oek ni opneem ni, om dit an kinders te onderwys.

Ds. du Toit sê dat hy tot di o'ertuiging gekom is dat 'n vergelykende taalkunde ni van di Kongres moes uitgaan ni. Hy h u nog staan dat dit nodig is., mar dit sal wel later deur andere gedaan worde. Ons Kongres moet 'n suiwer Afrikaanse beginsel hou.

Mnr. P. Badenhorst sê: as hy hawersaai, dan saai hy graag skoon saad, sonder brand are De Engels is di brandare en ons moet dit uit hou uit di goeie hawer (gejuig.)

Mnr. C. Badenhorst sê dat hy oek deur di diskussie tot overtuiging gekom is dat dit ni sal gaan om Engels en Afrikaans langs makkaar te span.

Mnr. Van Niekerk trek syn voorstel terug.

Di rapport van di kommissi werd algemeen aangeneem.

Mnr. Scholtz stel voor dat di Kommissi sal bestaan uit de vollende lede om di werk

uit te voer, nl. Di. S. J. du Toit en F. S. du Toit en Dr. Hoffman; en di vollende heere as nakykers Profs. Cachet, Logeman, S. Postma, Dr. Brill, Dr. Viljoen.—Aangeneem.

Di tweede anbeveling van di Kommissi om 'n Afrikaanse Tydskrif uit te gé kom daarna an di orde.

Mnr. J. D. Gräbe (Transvaal) wil graag weet wat in so'n tydskrif sal kom.

Prof. Cachet sê dat di tydskrif veral andag sal wy an di Afrikaanse letterkunde. Dit moet ni 'n godsdienstig blad wees, mar tog ni van di regte pad dwaal. Dit moet 'n blad ver di huisgesin wees, 'n ware huisvrind.

Di Voorsitter gé enige wenke an di hand wat so 'n tydskrif sal moet bevat, soos gedigte, wetenskaplike stukke, geskiedkundige romans, geskiedenis, ens.

Mnr. C. Liebenberg denk dat di tydskrif vereers mar alle 2 maande uitgege moet worde as 'n proef. Hy was bang dat di Kongres te veel hooi op di vurk het.

De Voorsitter sê di vergadering kan kiis of 'n goeie tydskrif alle 2 maande kry of 'n tydskrif di helfte kleiner alle maande.

Di vergadering was ver 'n maandelikse tydskrif.

Mnr. E. S. du Toit (onderwyser in Grikwaland Wes), sê dat hy as onderwyser gebrek an Afrikaanse letterkunde ondervinde het. Hy sou borgstaan 24 intekenaars te kry ver di nuwe tydskrif.

Mnr. P. Scholtz stel voor dat di vollende heere 'n Kommissi sal wees belas met uitvoering van di tweede anbeveling van di rapport, nl.—Ds. S. J. du Toit, Prof. Cachet, Ds. W. J. Snyman, F. S. du Toit en M. Postma.

An di Kommissi werd mag van toevoeging gegé, en di voorstel van mnr. Scholtz werd aangeneem.

Naam van di Tydskrif.

Prof. Postma gé an di hand dat di naam sal wees "Ons Kleintji," en stel op geestige wyse voor hoe toepasselik di naam is.

Di naam werd algemeen aangeneem.

Di Voorsitter lees di vollende telegram van Dr. Viljoen, wat met gejuig ontvang werd:

Dank voor uw vriendelike nitnoodiging. Wees verzekerd van mijn ware spijt over de onmogelijkheid waarin ik my bevind om uw Kongres by te wonen. Ontvang de betuiging mijner ware belangstelling in de werkzaamheden uwer vergadering.

O'reen werd gekom dat di tydskrif ni meer as 4s. per jaar sal kos ver di eerste twee jaar ni.

Toen werd staande di vergadering 'n lys van intekenaars geopen, en ruim 500 intekenaars gewaarborg.

Di Voorsitter sê hy hoop dat ons ni by di getal sal bly. Dis mar di begin.

Ver di voorloopige koste werd staande di vergadering £6 6s. gekollekteer met veul geesdrif.

Daarna verdaag di vergadering.

NAMIDDAGSITTING.

Na'tat mnr. Glassberg di Kongreslede voor di saal afgeneem het, word di verrigtings om 20 minute o'er dri hervat, toen di vollende artikel an di orde kom, nl. "*Afrikaans as Kerktaal en Skooltaal; di Afrikaanse Bybelvertaling* (sal ons verskil maak tussen Bybeltaal en gewone skryftaal, byv. U en *uw* in plaats van *ji* en *jou* waar tot God en meerdere gespreek word, ens.; Leiddraad, Genesis en Mattheüs; Wenke daaromtrent): *di nood-sakelikeit van Afrikaanse Skole*." Eers word bespreek word "Afrikaans as kerktaal."

Mnr. C. Badenhorst sê hy sou al eerder opgestaan het, mar hy het 'n skrik gekry want 'n man [predikant] het hom gesê of ons di Hottentots taal wil bo plaas. Nou was hy bitji bang om so ver 'n Hottentots taal te ywer (gelag).

Ds. du Toit sê dat ons ni notisi moet neem van wat buiten di vergadering gesê word. Dis gen man wat buiten di vergadering praat ni. Hy moet hiir kom praat. (Toejuiging.)

Prof. Cachet beskou dat ons ni kan sê of Afrikaans kerktaal sal wees ni. Di kerk moet daartoe besluit. Di kerk sal altyd di hoogste woord te sê hê by 'n bijbelvertaling. 'n Vertaling van di Bybel moet di goedkeuring van di Kerk hê. Dan is dit 'n werk wat ni so af en toe kan gedaan worde ni. Daar moet een bepaald werk van gemaak word. Enige manne moet hulle tot di werk afsonder. Hy dag dat di bybelvertaling ni van di Kongres moes uitgaan, mar van di Kerk. Dit is 'n gewigtige werk. Di vergadering kon wel di saak bespreek, mar vertaling moes van di Kerk uitgaan.

Prof. Postma kon instem met di belangrikheid van 'n vertaling van di Bybel in Afrikaans. Dis 'n moeiliker werk as baing dink. Dit moet deur manne gedoen worde wat tuis is in di oue tale. Hy waardeer di werk van Ds du Toit. Hy dag egter dat ons verkeerd begin. Ons moet by di volk begin. Ons ou mense hou an di ou Hollandse Bybel. Mar di opkomende geslag groei op in di taal en word ryp daarvoor en

dan sal di tyd kom om di Kerk an te vat, en o s predikante sal dan ni di stroom kan teenstaan ni.

Mnr C. Badenhorst sê ons kan ni ter wille van di enkele oue mense, wat nog vas hou an di Statebybel, di jong geslag onttrek van di voorreg om di Bybel in hulle eie taal te hê ni.

Ds du Toit sê di vorige sprekers gaan heel ver met ons saam. Di oorsprong van di Afrikaanse taalbeweging was di vertaling van di Bybel, en spreker voel heilig o'ertuig dat as di drang ni daar was ni, dan sal daar van dag geen taalbeweging wees ni. Sal ons dan di fondament onder ons voete wegneem? Di Afrikaner gaan o'eral met syn bybel. Toen di Afrikaner Bond opgerig werd, was daar niks bepaal van godsdiens. En wat siin ons? Di bondsvergaderings word met gebed geopen.

Di Afrikaners voel dat di godsdiens di grondslag is van syn nasionaliteit. By alle bybelvertalings is dit ni van di Kerk uitgegaan ni, mar dis deur manne gedoen wat gevoel het hulle is dit verskuldig an hulle volk. Di vertalers wil ni 'n bybel met kerkelik gesag uitgê ni. Di tyd hoop hy sal later kom. Ver di teenwoordige wil ons dit net in di hande van ons volk gê; dat hulle kan lees en siin hoe dit gaan. Di kerkelike goedkeuring kom later. Ons het di werk wat klaar was an di predikante aangebied om na te siin. Wat ons van di Kongres wil weet is handel ons in di gees van di volk deur aparte bybelboeke te vertaal en te versprei, en verder of waar tot di Hooger Wese gesproke word *u* in plaas van *ji* en *hem* in plaas van *hom* gebruik sal worde. Ons vra net di opini van di Kongres o'er di twe punte.

Prof. Postma sê dat hy geheel ni teen private vertaling van di Bybel is ni. Hy sou di Afrikaanse vertaling gebruik waar hy dit nodig vind. Hy was seker dat di vollende geslag ryp sou wees om Afrikaans in te voel as kerktaal.

Ds. du Toit sê dat di taal wat van ons kansels gespreek word dri kwart Afrikaans is.

Ds. M. Postma sê, dat hy op di punt van bybelvertaling 'n beswaar het, hoewel hy di werk van Ds. du Toit hoog waardeer. Hy beskou dat di Taalkongres ni di liggaam is om 'n uitspraak o'er di saak te doen. As ons di geskiedenis nagaan, dan sal ons siin dat daar manne afgesonder werd om di werk te doen. Ons moet op di punt versigtig wees.

Ds. Snyman glo dat nimand in di vergadering daarteen is dat enige boeke van di bybel reeds vertaal is. Dit is voorberedende werk wat Ds. du Toit doet. Daarop diin

spreker di vollende voorstel in:—"Di Kongres beskou dat Afrikaans ons Kerktaal moet worde, en siin met blydschap dat Ds. du Toit en andere reeds begin het met di vertaling van di bybel. Di vergadering hoop dat hulle in di gees sal voortgaan totdat di tyd daar is om 'n Afrikaanse bybel van kerkwege uit te gé."

Mnr. P. Badenhorst dring an op di noodsakelikheid van di vertaling van di bybel in Afrikaans.

Ds. M. Postma sê hy kon nog ni instem met di voorstel ni. Hy sou voorstel "dat di saak by di bespreking bly en uitgestel worde tot di vollende Kongres."

Mnr. N. Badenhorst sekondeer di voorstel, en Prof. Cachet di Amendement.

Mnr. Naude was ver di gebruik van jy en jou by di Godsdiens.

Mnr. C. Liebenberg meen dat 'n stem moes uitgaan van di Kongres an di Kerke om medewerking in di saak.

Mnr. Van Niekerk was sterk daarvoor dat di bybelvertaling moes voortgaan.

Mnr. W. Joubert meen dat dit goed is dat di saak goed van alle kante bespreek moes worde. Dis 'n gewigtige saak, en moet goed oerweeg worde.

Ds. F. S. du Toit sê dis 'n saak van belang ver hom, oek as een van di wat deel neem an di vertaling, waarvoor hy veul opgeoffer het. Dit spyt hom dus dat sommige sprekers daarvoor skyn te wees, dat di saak moes uitgestel worde. Dis gen anmoediging ni. Dis 'n gewigtige saak, en juis omdat dit so gewigtig is moet ons di saak ni vertraag ni. Dit was hom pynlik dat di hele bybel nog ni vertaal was ni. Hy meen dat dit 'n grote werk is; 'n werk waar enige manne hulle an moet wy. As di volk di geld daartoe kan vinde, dan kan mense hulle afsonder en net besig hou met di bybelvertaling. Hy meen dat di saak ni langer uitstel kan ly ni.

Ds. M. Postma sê dat hy o'ertuig was dat Afrikaans di kerktaal sal worde. Hy kan egter ni op di o'enblik 'n opini o'er di bybelvertaling gé ni, want hy was ni goed genoeg bekend met di werk wat gedoen is, en hy dag dat di Kongres oek ni in 'n posisi was om 'n uitspraak te doen ni.

Prof. Postma verklaar sig ten gunste van di voorstel van Ds. Snyman.

Prof. Cachet voel ver syn deel beswaar teen 'n uitspraak van di Kongres o'er di saak, daarom was hy ver di amendement van Ds. Postma.

Mnr. Grabe sê dat hy bly is dat daar wat verskil van opini is. Dit is nodig om 'n kwessi goed te sif.

Mnr. A. Badenhorst sê dat so vér hy kan siin is di gees van di vergadering dat di Afrikaanse bybel nodig is. Daar moet egter iits gedoen worde om di saak te bespoedig. Di bybel moes al reeds klaar vertaal gewees hê (hoor, hoor.)

Di amendement werd tot stemming gebring en kry 3 stemmen.

Di voorstel van Ds. Snyman werd met net 3 teenstemme aangeneem namelik van Prof. Cachet, Ds. M. Postma en student W. Postma.

Di kwessi van di gebruik van u in plaas van jy, waar tot meerdere gesprek worde, kom an di orde.

Di Voorsitter vra wat di opini van di vergadering is o'er di saak.

By stemming was di meerderheid ver gebruik van u.

Afrikaans as Skooltaal kom an di orde. Di Voorsitter sê hy glo ni daar is 'n wet wat kan belet dat Afrikaans in skole geleer worde.

Ds. Snyman sê dat ons moet rekening hou met di examenstelsel. As Afrikaans eers 'n erkende taal is, sodat daar examens in afgeneem worde, dan eers kan ons dit in di skool invoer.

Prof. Postma stel voor: "Di Kongres beskou dat Afrikaans onse skooltaal moet wees, mar daar ons nog ni Afrikaanse skoolboeke het ni in di wetenskappe, so besluit di Kongres dat 'n Kommissi angestel worde om planne te beraam ver di uitgawe van skoolboeke, 'n an di vollende Kongres te rapporteer."

Mnr. M. Steijn sekondeer.

Di voorstel werd algemeen aangeneem.

Di Voorsitter sê dat di besprekingspunte nou afgehandel is. Hy vra verder an di vergadering of dit ni wenselik is 'n Kommissi te benoem om di Kongres weer bijeen te roep.

Mnr. D. F. du Toit dag dat di ou Genootskap van Regte Afrikaners di regte liggaam is ver di doel.

Prof. Postma stel voor: "dat di Kongres vollende jaar weer an di Paarl gehou worde." Dit werd met toejuiging aangeneem, nadat Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein afgestem was.

Tot lede van di Organisasie Kommissi werd benoem Di. S. J. du Toit, F. S. du Toit, Dr. Hofman, Dr. Viljoen en Mnr. C. W. H. Köhler.

Di Voorsitter sê dat hy voor di vergadering uiteen gaat ni kon nalaat om hulle te komplimenteer met di ordelike wyse waarop di verrigtings plaats gevinde het. Hy het al baing vergaderings bygewoon, politieke

so wel as godsdiinstige, en hy kon sê dat hy nog nooit so'n ordelike vergadering gesien het ni. Di vergadering het met di grootste belangstelling di diskussi angehoo. As Voor-sitter van di vergadering kon hy ni nalaat hulle di kompliment te maak. Hy dank di vergadering ver di hulp an di stoel verleen. Spreker was bly dat besluit was om di vollende Kongres weer aan di Paarl te hou. Di eersgeboortereg van di Paarl word daardeur erken. Di Paarl, hoop spreker, sal vollende keer in staat wees di afgevaardigde nog beter te onthaal.

Prof. Cachet bedank namens di vergadering di ingesetene ver di ontvangs hulle verskaf en di voorsitter ver syn bekwame leiding.

P of. Postma sluit met gebed.

GESELLIGE BYEENKOMS.

TWEDE AAND.

Vollens di program werd daar di tweede aand weer 'n gesellige byeenkoms gehou. Di ruime saal was reg genoegelik, huiselik ingerig en o'eral rond staan tafels ryk belaa met allerlei lekkernye en drank. Skaars was dit dan oek tyd of di saal was goed vol, waar- onder ook verskeie dames. Onder di nuwe besoekers merk ons oek nog o.a. op Drs. Viljoen Weeber en Marais.

Di drank werd verskaf deur di Paarl Berg Wyn en Brandewyn Maatskappy, en dat di Maatskappy alle eer het sal onse onderveldse vrinde wel kan getuig.

Ds. S. J. du Toit sê ons kom ni vanaand by makkaar om Kongres te hou ni mar om 'n bitji Perlse vrugte te eet en 'n bitji Perlse wyn te drink. Toen vra hy of een of ander van di dames vrywillig ons 'n stukki sal speel, waaran Miss Coosie de Villiers op versoek gehoor gê, wat dan oek hartelik toegejuig werd. Toen dit klaar was werd di lekkernye rond gedra en dat daar hartelik an gesmul werd is seker ni eens noodig om te sê ni. Toen hulle nou goed ge'eet en gedrink het, gê Prof. de Villiers weer 'n uitmuntende stuk op di piano soos hy voor bekend is.

Prof. Cachet staan toen op om 'n heildronk in te stel op "Ons Kleintji," wat hy op 'n seer luimige wyse doen. Di Kleintji wat van dag gebore is, is 'n Kleintji wat hy al lang verwag het (gelag); want hy het di noodzakelikheid ingesiin dat ons Afrikaanse volk ook Afrikaanse leesstof moet hê. Hy wys verder daarop hoe swaar dit gaan om hier medewerking te kry en so 'n tydskrif te laat betaal.

Hy moedig verder di vrinde an om "Ons Kleintji" tog te ondersteun.

Toen werd daar weer 'n mondji vol gedrink waarna Mnr. Baker 'n stuk op di viool speel bygestaan deur Miss Coosie de Villiers opdi klaviir.

Toen staan Dr. Hoffman op en sê dat hy ni by di geboorte van "Di Kleintji" was ni en dus weet hij ni hoe "Di Kleintji" lyk ni en hy hoop dat "Ons Kleintji" mooi is en 'n vaste grootman sal worde. Ons Afrikaners moet nou begin vorentoe te staan en met ons eie vére te pronk. Hy druk verder daarop dat di geleerde Afrikaners di ongeleerdes moet ophelp, en hy hoop dat "Ons Kleintji" 'n middel sal wees om dit te doen. Dit lyk hom daarom of "Ons Kleintji" te veel vaders het, en dan gê dit verwarring af in di opvoeding. Hy wil dus hoop dat Prof. Cachet hom as di voog van "Ons Kleintji" sal laat ken.

Daarna staan ons geagte Magistraat mnr. S. V. Cloete op en heet al di vrinde welkom an di Perl. Hy wys daarop dat dit ver di Perl 'n grote eer is om di eerste Afrik. Taalkongres te hou. Verder roem hy di ouderwetsheid van di Perl en druk daarop dat di opregtheid van di Afrikaners moet behou worde. Hy wys oek daarop dat di Sondagsviring hier nog in waarde gehou worde. Hy prys di belangstelling in di taal van di volk en ons moet ons taalregte kry en hou.

Op versoek werd di twe gedigte van di Os en di Perd weer deur Prof. R. de Villiers gespeul en deur eiselfde twe jonge manne gesing.

Prof. Logeman staan toen op om op di heildronk van "Ons Kleintji" te antwoorde. Dit spyt hom dat hy nog ni Afrikaans kan praat ni, mar hy stel tog 'n lewende belang in di Afr. taal. Hy hoop dat di "Kleintji" spoedig sal opgroei om ver hom self te kan praat.

Ds. S. J. du Toit vra toen ver Dr. Viljoen om 'n woordji te praat. Dit verbly hom (Dr. V.) om so baie dames hier te siin. Hy wys daarop hoe treurig dit is dat di jongmense, as hulle vry, 'n vreemde taal gebruik. En dis, as "Ons Kleintji" ooit voorspoedig sal wees, sal dit groteliks van di dames afhang. Hy hoop dat "Ons Kleintji" oek musiekstukke sal leer. Hy wens uit naam van di vreemdelinge di Pêrlse vrinde te dank ver di gulle onthaal.

Ds. S. J. du Toit sê ons vrinde het vandag besluit om anstaande jaar weer 'n Taalkongres hier te hou, en hy hoop dat hulle dan dubbel soveul sal wees en ons hulle dan beter sal kan ontvang. Verder sê hy

dat di vrinde by Mnr. Glassberg 'n grote portret kan kry van di afgevaardigdes, en met nog 'n paar slot woorde was di verrigtings op 'n end tot genooge van almal.

Van di menigte briwe van belangstellende uit verskillende dele ge ons nou net di volleude, wat te laat ontvang is om voorgelees te worde:—

Brandleegte, Fort Brown,
17 Jan. '96.

Den WelEerw. Heer S. J. du Toit, V.D.M.
de Paarl.

WelEerw. Heer,—Het is mij een aange-name plicht U Eerw. de hierbijgaande onbestreden motie toe te zenden, op onze Districtsbestuurs verg. op 15 dezer staande aangenomen. Het zou ons allen een groot genoegen doen, zoo U Eerw. de goedheid wildet hebben deze motie aan het Genootschap van oprechte Afrikaners en de andere oprichters der *Patriot* te doen toekomen, en in di *Patriot* publiceeren. U Eerw. en uw huis genade toewenshende en vrede van Hem Die is en Die was en Die komen zal, heb ik de eer mij te noemen van U Eerw.

De d.w. Dienaar,

P. J. VAN RHIJN, Sekr.

Districtsbestuur, Albanie.

Albanie, 15 Januari, 1896.

Aan den WelEerw. Heer S. J. du Toit, V.D.M.,

Het Genootschap van Oprechte Afrikaners,
en alle andere Oprichters der "*Patriot*."

"Onbestreden motie, voorgesteld door den heer P. J. van Rhijn, gesecondeerd door den heer J. F. Lombard:—

Het Districtsbestuur van Albanie, op heden den 15den Januari vergaderd, wenscht namens de leden van den A. Bond in deze Afdeeling den WelEerw. heer S. J. du Toit, het Genootschap van Oprechte Afrikaners, en alle Oprichters van "*Di Patriot*" van harte geluk met het voorrecht dat hen te beurt valt, den 20sten verjaardag der oprichting van die courant te mogen herdenken; dankt hen ten zeerste voor het onuitsprekelyk vele goede door hen in al dien tijd voor de Afrikaners en de Afrikaner zaak gedaan; en bidt hun toe dat het hun nog vele jaren moge vergund worden werkzaam te zijn ter bevordering der dierbaarste belangen van Land en Volk."

Namens het Districtsbestuur,

P. J. VAN RHIJN, Secretaris.



